

Fynproewersgilde sluit af



So in die afwagting vir die Rugby Wêreldbeker finaal het die Heilbron Fynproewers op Vrydag, 1 November in die feesgety-gevoel gekom met hul jaarlikse Kersete. Daar was 51 gaste wat om die Kerstafel saam geëet en gekuier het. Op die tafel was skaapboud, gammon met mosterd, "chicken parma", groentegereg, broccoli, gebakte aartappels en 'n feestelike slaai. Die nagereg was 'n interessante sjokolade verrassing. Dawn Wessels was die spysenier en almal het heerlik geëet. Die Fynproewers vergader weer vroeg in Februarie 2020 met hul jaarlikse opwindende "verrassingsaand." Die Bestuur wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2020 toe. Op die foto: Rudi van Niekerk, Marlene Agenbag, Rian Agenbag, Julia Bester, Corrie Scheepers, Willie Cronje, Christien Cronje, Willem Loots, Nellien Scheepers en Marilize Loots.



Kom skiet saam

Elke alternatiewe Woensdag, hierdie keer 6 November, skiet Heilbron Dienssentrum kettie met albasters na staalshywe as teiken. George Roos, Joggie van Vreden en Susan Smit was afwesig. Op die foto voor: Basie Roos. Agter: Sharky Kühn, Sylvia Meads en Koos Smit. Oom Koos het die kettie-skiet geïnisieer by die Dienssentrum.

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.

Ons Kerskoerant is die 13de Desember 2019.





The Back to School ADVENTURE BEGINS WITH OFFICE NATIONAL

This offer is valid until 31 January 2020
058 852 3033 | heraldoffice@heilbron.co.za



Hinterland





ENGEN

VALID 01 NOV - 31 DEC 2019

ENGEN PROMOTION










Contact your nearest store for special prices | www.hinterland.co.za



A 100% South African owned and operated company. All products are made in South Africa. All prices are subject to change without notice. © 2019 Hinterland. All rights reserved.